

Hiermee die verslag van die laaste Latyneksamen wat provinsiaal deur die WKOD aangebied is. Soos in die verlede, het die kandidate puik werk gelewer waarin die insette van toegewyde leerkragte duidelik geblyk het.

### EERSTE VRAESTEL

#### Taalkundevrae (Vrae 1, 4, 7 en 10)

Taalvrae op die uittreksels van Vergilius en Catullus het baie min probleme opgelewer, terwyl Cicero en Plinius 'n groter uitdaging gebied het. Die taalvrae wat die meeste leerders gepootjie het, was Vrae 1.6, 7.1, 7.2, 7.4, 7.6, 10.1 en 10.5.

#### Vertalings (Vrae 2,5,8 en 11)

Vertalings van al die skrywers is baie goed beantwoord.

#### Kontekstuele vrae (Vrae 3, 6, 9 en 12)

Hierdie vrae het weer baie goeie antwoorde van kandidate ontlok. Daar was interessante en oorspronklike antwoorde, veral op vrae met 'n oop antwoord waar leerders se eie interpretasie van die teks toegelaat word, mits hul opinie geregverdig kan word.

As gevolg van die verwarrende reëlverwysing in Vraag 3.11, is kandidate vergoed vir 'n verkeerde antwoord deur 3 punte toe te ken vir 'n korrekte antwoord op Vraag 3.12, wat niemand verkeerd geantwoord het nie!

Vraag 9 (Cicero) was die grootste uitdaging, en verbasend min kandidate het kennis getoon van die gebruik van die historiese praesens (Vraag 12.5).

### TWEEDE VRAESTEL

Die vertaling van Caesar en Cicero was vanjaar die gewildste. Die beste vertalings is met bonuspunte beloon, en sodoende het een kandidaat volpunte behaal vir die Caesar en Plinius vertalings.

#### Caesar

- suos en se (reël 1) is dikwels verwar.
- se eiecerunt is dikwels te neutraal vertaal. "het uitgestorm" het meer beïndruk as "het uitgegaan".
- multis is dikwels nie as deel van die voorsetselfrase multis de causis gelees nie.
- impelli is dikwels vertaal as "teruggedryf".

- Woordeskat:

**reliqui, perierunt (< perire), retinere, veriti (< vereri), statuere, apud, audere**

#### Cicero

- repellendum bepaal postremum (malorum omnium)
- liberatores is verwar met libertas.
- petentem kongruer met hominem (wat dikwels nie as enkelvoud vertaal is nie).
- Woordeskat: **deferre, relinquere, impetus**

#### Plinius

- Die vertaling van hierdie passasie het beide die beste en die swakste vertalings opgelewer. Minder as die helfte van die kandidate het hierdie vertaling gekies.
- Woordeskat: **quamquam, pulsum (< pellere), arduus, crescere, ferus (-a -um), negare**

### WERKSTUKKE

Sommige kandidate het weer vanjaar beïndruk met die wyse waarop hulle hul navorsing verwerk en aangebied het.

Daar was egter weer 'n paar kandidate wat nie hulle bronne korrek aangedui het nie.

Leer leerders asseblief om die volgende bibliografiese stelsel wat sedert 1985 in die riglyne voorgestel word, te gebruik:

- Die lys moet in alfabetiese orde wees.
- Datum van publikasie kom direk na die skrywer/vertaler se naam, sonder hakies, bv. Wiedemann, T. 1994.
- Vertaalde bronne word onder die vertaler gelys, bv. Graves, R. (vert.) 1957.

- Die titel van die bron word uitgelig (gewoonlik in *skuinsdruk*), bv. Wiedemann, T. 1994. *Cicero and the end of the Roman Republic*.
- Die plek van publikasie verskyn voor die uitgewer, geskei met 'n dubbelpunt, bv. Graves, R. (vert.) 1957. *Suetonius. The Twelve Caesars*. Harmondsworth: Penguin Wiedemann, T. 1994. *Cicero and the end of the Roman Republic*. London: Bristol Classical Press
- Die bronnelys moet boeke insluit, nie slegs internet bronne en/of ensiklopedieë nie.
- Daar moet een of ander soort verwysing (bv aanhaling) in die teks wees na elke bron wat in die bronnelys aangegee word as bewys dat die bron inderdaad geraadpleeg is.
- Die datum waarop daar op 'n Internet-bron ingegaan is, hoef nie gegee te word nie, maar wel die datum van die mees onlangse opgradering.

Let op die verwysingstegniek binne die teks (let ook op punktuasie), bv.

(Grant 1978: 101)

**of** Grant (1978:101) is van opinie dat .....

Dra asseblief sorg om die akademiese kwaliteit van Internetbronne wat deur leerders benut word, na te gaan. Die webwerf van 'n universiteit, navorsingsinstituut of museum is gewoonlik betroubaar. Leerders moet gelei word om te onderskei tussen ongegronde persoonlike opinies en gevolgtrekkings wat op deeglike navorsing gebaseer is.

Daar is geen twyfel nie dat die gemiddelde student die vrugte pluk van onderrig in die bemeestering van akademiese navorsingstegnieke.